inspirasie

leiersgids vir

Kolossense

die nuwe ou volkome onvolmaakte jy

Edi Bajema

Bybelkor

Oorspronklik uitgegee deur Faith Alive Christian Resources. Kopiereg © 2010 Faith Alive Christian Resources. Kalamazolaan SE 2850, Grand Rapids, MI, VSA. Kopiereg Afrikaanse weergawe © 2012 Bybelkor. Bybelkor is 'n afdeling van Bybel-Media. Privaatsak X5, Wellington 7654. www.bybelmedia.co.za. Alle regte voorbehou. Met die uitsondering om hierdie materiaal van www.bybelmedia.co.za af te laai vir gebruik om die Bybelstudie *Kolossense – die nuwe ou volkome en onvolmaakte jy* (© 2012 Bybelkor) as groepleier aan te bied, mag geen gedeelte van hierdie dokument sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorms of langs enige elektroniese of meganiese manier weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Terwyl jy voorberei om die groep te lei

Jy het ’n belangrike taak – óf jy nou die enigste groepleier vir hierdie Bybelstudie is en óf die groep onderling beurte neem om die Bybelstudie te lei. Doen dus voorbidding vir jou groeplede en vir nuwe mense wat die Here mag lei om by julle groep tydens hierdie Bybelstudie aan te sluit.

Hierdie studiemateriaal is ontwikkel om hoofsaaklik self gelei te kan word – dit beteken dat groepe in staat sal wees om hoofsaaklik op hulle eie deur die materiaal te kan werk. By sommige gedeeltes van die lesse kan dit egter help om van die groepleier se notas in te sluit. Ons hoop dus dat jy hierdie materiaal vir groepleiers sal leer ken en dit gebruik wanneer jy voorbereiding doen om die groep te lei.

Die vernaamste doelwit van die groep se byeenkoms is om nader aan God en aan mekaar te groei, om in die geloof gebou te word sodat elkeen ook geestelik kan groei om ’n getuie vir die Here te wees (Hand 1:8) – en so God se liefde en die evangelie met ander te deel.

Algemene besprekings-wenke en grondreëls vir groepleiers

- In hierdie Bybelstudie is alle vrae wat verband hou met die onderwerp aanvaarbaar. Hierdie studiestyl is daarop gemik om die Bybel te ontdek en nooi deelnemers uit om ’n styl te ontwikkel wat vrae oor die teks vra soos wat hulle meer van die Here leer en nader na Hom toe groei.
- Geen vorige studie van die Bybel is noodsaaklik nie. As die Bybel vir sommige of almal van jou groep ’n nuwe ervaring is, sal jy miskien bykomende tyd saam met hulle wil spandeer sodat hulle nie afgeskeep of nie in staat voel om deel te neem nie. Dit beteken dat jy die tydsduur van julle byeenkoms ’n bietjie moet aanpas of eenvoudig meer byeenkomste moet inruim om saam deur die materiaal te werk. Die belangrikste is dat die nuwelinge in die kleingroep aangemoedig moet word, na hulle geluister moet word, versorg moet word en ruim geleentheid gebied moet word om geestelik te groei. Deel hierdie besorgdheid indien nodig met die lede wat reeds met die Bybel vertroud is en moedig elkeen aan om saam te werk om die nuwelinge te help om in die geloof te groei.
- Soos wat jy die groeplede leer ken, sal jy ’n aanvoeling ontwikkel hoe veel jy op vrae moet hamer wat om persoonlike voorbeelde en reaksies vra. Wees oop vir die leiding van die Heilige Gees of jy oor sommige vrae net ligweg moet gaan en of jy dit geheel en al moet oorslaan, veral as jy van ’n sensitiewe

kwessie in iemand se lewe bewus is (soos 'n aborsie, misbruik, huweliksontrou, ensomeer) wat pynlike herinneringe kan wakker maak as dit bespreek word. As pynlike sake wel na vore kom, lê klem op God se genade, vergifnis en begeerte om te herstel, en om vir elkeen 'n nuwe lewe te gee wat moontlik is in Christus.

- Elkeen moet die vertroulikheid van die groep respekteer. Persoonlike inligting wat met die groep gedeel word, moet binne die groep bly.
- Hierdie studie vereis nie huiswerk of buitemuurse aktiwiteite nie. Groeplede mag natuurlik tuis die Bybel verder lees en bestudeer en bykomende hulpbronne gebruik om antwoorde op vrae te soek vir opvolg-besprekings, veral ten opsigte van taai vrae wat moeilik is om te antwoord.
- As groepleier het jy nie al die antwoorde nie. As groep kan julle ontdek dat daar op sekere vrae nie 'n klinkklare antwoord bestaan nie. Neem kennis dat die Bybel nie antwoorde op al ons vrae het nie, maar gee vir ons genoegsame inligting om te weet wie God is en waarom God 'n gesonde verhouding met ons wil hê.
- Julle is almal deel van die groep om te hoor wat die Bybel sê en nie om te stry oor wat reg en verkeerd is nie. Sommige van die vrae kan moontlik nie 'n absolute regte antwoord hê nie en kundiges sal dikwels verskil oor die interpretasie van 'n gedeelte wat moeilik is om te verstaan. Onthou dat die oordra van die hoofgedagtes en begrippe die belangrikste is.
- Vermy dit dat besprekings van die spoor dwaal of verdeelheid bring. Leer ken jou groeplede en die interaksie tussen mekaar. Wees bedag op vrae (veral by die gedeeltes **Wat beteken dit vir my vandag?**) of onderwerpe wat sommige groeplede kan gebruik om politieke agendas of kontroversiële kwessies voorop te stel en te bevorder. Indien daar wel verdelende kwessies na vore kom, moedig die groep aan om mekaar se opmerkings te respekteer en om na die Heilige Gees op te sien vir gesamentlike leiding. Dit sal miskien die beste wees om dan na die volgende vraag of Skrifgedeelte te gaan om almal te help om op die les te gefokus te bly. Indien dit nodig is, kan jy later met die groeplede vergader wat sterk menings mag hê en hulle vriendelik aanmoedig om tydens die besprekings op die Skrifgedeeltes en Bybelstudie te fokus.
- Baie van die vrae (veral in **Wat beteken dit vir my vandag?**) is bedoel om groeplede te help om die gedeelte persoonlik toe te pas. Bybelstudie is nie bloot net 'n intellektuele oefening waartydens ons ons oor fassinerende inligting oor die Bybel verwonder nie. Dit is 'n geleentheid vir die Here om ons te leer en met ons persoonlik en as gemeenskap te praat deur die krag van sy Heilige Gees. Ons moet, met ander woorde, nie net inligting ontvang nie, maar ons moet verander word. Die uiteindelike doelwit van Bybelstudie is om mense te help om in hulle verhouding met God, met mekaar, met ander in die wêreld en met die wêreld wat God geskep het te groei.

Notas vir die lesse

Les 1

Hierdie les is ietwat korter as die ander lesse. Dit laat meer tyd toe vir die groeplede om hulleself bekend te stel en om mekaar te leer ken. Elke les is vol gepak met vrae en inligting. Maak dus seker om genoeg tyd toe te laat vir groepbespreking en interaksie met die Bybelteks.

Les 2

Sommige in jou groep is miskien nog ver van God – "vyandiggesind teenoor Hom" (Kol 1:21) – en nog nie op die punt dat hulle kan sê hulle is gelowig nie. As jy aanvoel dat dit wel so is, is hierdie les 'n wonderlike geleentheid om die eenvoudige inhoud van die evangelie te verduidelik. Berei jouself voor om te verduidelik hoe God "julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het …" sodat ons nou "sonder smet" is (Kol 1:22). Indien daar groeplede is wat belangstelling toon om verder hieroor te praat, bied aan om na die byeenkoms meer persoonlik te praat.

Les 3

Voordat julle as groep bymekaarkom, dink eers oor hierdie vraag: *Waar het ek al te doen gehad met reëls en tradisies van die Christelike geloof wat in werklikheid min te doen het met verlossing deur geloof alleen? Beskryf sommige van daardie reëls en tradisies.* Deur hierdie ervarings in die groep met mekaar te deel, kan meer helderheid bring vir groeplede wat nie so gereeld en ten volle by die gemeente en kerklike lewe betrek is nie.

Les 4

Nadat julle Kolossense 3:5-10 gelees het, kan sommige van die groeplede dink dat die Here van hulle verwag om die sonde deur hulle eie pogings of inspanning te oorwin. Wees eerlik oor julle eie pogings en mislukkings om julle geneigdheid om te sondig te oorkom. Wees bereid om te praat oor daardie tye toe julle die Here se hulp en krag ervaar het om dit te doen. Verseker mekaar dat dít die werk van die Here in ons is! Ons kan nie daaraan begin dink om van die ou sondige natuur ontslae te raak totdat die Heilige Gees in ons werk nie. Ons is elke dag van die Heilige Gees afhanklik – vir elke tree van die reis (Gal 5:16, 25).

Les 5

Wanneer die groep besig is om die laaste opsommingsvrae te bespreek en hoe hulle siening van (en verhouding met) Jesus kon verander het, let fyn op vir tekens dat van die groeplede dalk gereed is om 'n oorgawe aan die Here te maak of om te soek na 'n geestelike verdieping in hulle verhouding met die Here. Jy kan die volgende gebed gebruik om die byeenkoms af te sluit. Jy kan dit ook aanpas as 'n groeplid 'n begeerte het om sy of haar geloof in Jesus Christus te bely en om 'n navolger van Jesus te wees. (Sien ook die ander hulpmiddels "'n Uitnodiging" en "'n Toewydingsgebed" aan die einde van die studiegids vir die groeplede.)

Here Jesus

U is die beeld van die onsigbare God. Alles – ook ons – is deur U geskep en vir U geskep. Alles bestaan in U.

Ons wil graag dat ons lewe in en deur U bestaan. Ons wil die aanbod van u Vader aanvaar – om heilig in sy oë, sonder skuld, sonder 'n klad op ons naam en vry van beskuldiging te wees. Ons verstaan dat U in ons plek gesterf het, sodat niks van ons sonde meer teen ons gehou kan word nie. U het gesterf, sodat ons vriende kan wees – nie vyande nie. U het gesterf sodat ons nie meer onder die baasskap van die duisternis is nie, maar in die koninkryk van die lig kan leef.

Dankie dat U ons só liefhet, dat U dit vir ons doen. Vul ons nou deur u Heilige Gees met die kennis van u wil deur alle wysheid en begrip. Mag ons lewe elke dag tot U eer wees, en mag ons lewe U tevrede stel. Mag ons U meer en meer leer ken. Gee ons die krag, Here Jesus. Ons weet dat ons sal moet volhard en geduldig moet wees terwyl ons daarna soek om te leef soos wat U wil hê ons moet leef – in die krag van die Heilige Gees.

Ons bid dit in u Naam.

Amen.

Bykomende hulp om lesse aan te bied

Ons hoop dat jy die hulpmiddels op die volgende bladsye nuttig kan gebruik wanneer jy die Bybelstudie aanbied en lei. Jy het toestemming om dit in die groep uit te deel soos wat dit nodig is – tot voordeel van elkeen se ervaring van ’n kleingroepstudie.

- Grondreëls vir Bybelstudie in ’n kleingroep
- “Om die Bybel reg te lees” deur Al-Attas Bradford en Mary Hulst, afgedruk met die toestemming van Faith Alive Christian Resources.

Grondreëls vir Bybelstudie in ’n kleingroep

Ons kom ooreen om …

- na mekaar te luister en vir elkeen geleentheid te gee om te praat.
- mekaar se bydraes te respekteer, mekaar op te bou en om na die Heilige Gees op te sien om ons te lei.
- oop te wees om by mekaar te leer.
- openlik ons ervarings met mekaar te deel soos wat ons gemaklik daarmee voel, terwyl ons mekaar se reg op privaatheid erken en om stil te bly.
- eenkant-besprekings en onnodige onderbrekings te vermy.
- besprekings wat van die spoor afdwaal of verdeling skep te vermy.
- die vertroulikheid van die groep te respekteer. (Wat ons in die groep vertel of sê bly in die groep.)

Ons erken dat …

- niemand al die antwoorde het nie en dat sommige vrae nie bevredigende antwoorde het nie. Die Bybel gee egter steeds vir ons genoegsame inligting om te weet wie God is en waarom die Here ’n gesonde verhouding met elkeen van ons wil hê.
- Ons almal hier is om te ervaar wat die Bybel te sê het. Ons doelwit is om die hoofgedagtes en begrippe te leer ken sodat ons dit in ons lewe kan toepas en die Here beter kan leer ken.
- Ons wil ons afvra: *Wat is die belangrikste ding wat die Here hier vir ons leer en wat beteken dit vir ons alledaagse lewe?*

Om die Bybel reg te lees

deur Aminah Al-Attas Bradford en Mary Hurst

Verlede week het ’n kollega by ons kantoor ingeloop en gevra: “Presies hoe belangrik is dit om die Bybel te lees?” Die reaksie: “Dit hang alles daarvan af hoeveel jy hoop om verander te word!”

Ons het ook vir ons kollega gesê dat die voorwaarde vir verandering daarmee saamhang dat sy die Bybel *reg* moet lees. Die gedagte om die “Bybel reg te lees” het tot ’n langer gesprek oor Bybelse interpretasie en die gereformeerde benadering daartoe gelei.

Die gesprek het toe verskuif na die wysheid van *Star Trek: The Next Generation*. Data, een van die karakters van die reeks, is ’n produk van kunsmatige intelligensie wat geen emosies het nie. Data lag nooit vir enige grap wat op die ruimteskip Enterprise vertel word nie omdat hy slegs dinge letterlik kan interpreteer. Vanweë sy letterlike benadering tot alles, verstaan Data nie humor nie, kan hy nie sinspelings of idiome identifiseer nie en mis hy dikwels heeltemal die punt van ’n gesprek of ontmoeting. Ons het daarop gewys dat ’n letterlike interpretasie soms tot ’n verkeerde interpretasie of weg van die waarheid lei.

Nadat ons ons kollega oortuig het dat goeie interpretasie van die Bybel wel noodsaaklik is, het ons gesprek begin gaan oor hoe ’n mens die Bybel reg lees. Ons het op twee werklikhede klem gelê: Eerstens, die boeke van die Bybel is geskryf in spesifieke tye en plekke, en tweedens, daardie boeke verteenwoordig ’n verskeidenheid literêre genres.

’n Brug oor die historiese kloof

Die boeke van die Bybel kom uit spesifieke tye en plekke. Sommige boeke kom uit tye meer as 3 500 jaar gelede. Dit beteken nie dat die Bybel nie vir vandag iets te sê het nie. Die Bybel openbaar aan ons waarhede heeltemal relevant is vir ons lewe vandag. Maar hierdie waarhede kom na ons vanuit historiese en kulturele situasies.

Die Here het menslike woorde in menslike geskiedenis gebruik om aan ons ewige waarhede te gee. As ons dus wil weet wat ’n teks vandag beteken, moet ons eers ons bes doen om vas te stel wat dit toe vir lesers beteken het.

Dink aan Paulus se waarskuwing aan vroue om nie gevlegte hare te dra nie (1 Tim 2:9). Was dit sy bedoeling om vlegsels, poniesterte en Rastalokke vir miljoene jare wat sou kom te verbied? Nee. Sy punt was dat in daardie spesifieke tyd en plek vlegsels ’n teken van welvaart was waarmee nie in die kerk gespog

moes word nie. Die tydlose waarheid dat Christene nie met hulle rykdom tydens 'n erediens te koop moet loop nie, is beliggaam in 'n historiese omstandigheid. Deur vas te stel wat Paulus se woorde vir Christene van die eerste eeu beteken het, help ons om vas te stel wat dit nou vir ons beteken.

Om die historiese kloof na die verlede oor te steek tussen die Bybel, toe en nou, beteken om goeie vrae te vra oor die historiese en kulturele konteks van die Skrifgedeeltes wat gelees of bestudeer word. Vrae soos:

- Wanneer is dit geskryf?
- Wat het toe in die wêreld gebeur?
- Wie het dit geskryf?
- Aan wie is dit geskryf?

Die maklikste manier om hierdie om hierdie soort inligting of interpretasie te kry is om 'n goeie studiebybel te kry. Hierdie tipe inligting word gewoonlik ingesluit aan die begin van elke Bybelboek. Dit is ook die geld werd om 'n goeie "Inleiding tot die Bybel" of Bybel-ensiklopedie te koop. Deur hierdie hulpbronne dikwels te raadpleeg terwyl jy jou Bybel lees, kan jy ook antwoorde op die vrae hier bo kry.

Deur antwoorde op vrae vanuit die historiese konteks te beantwoord help 'n mens om beter te verstaan wat die teks vir die vroegste lesers mag beteken het en daarom wat dit vir ons vandag beteken.

Terwyl 'n mens die Bybel lees, is dit goed om te onthou dat die Woord in elke opsig volmaak is soos wat God wil hê dit moet wees. Dit mag dus wees dat sommige van die historiese feite en besonderhede van gedeeltes vir ewig verlore is, maar ons vertrou dat die Here in sy voorsienigheid gekies het om sy verhaal op hierdie manier aan ons te openbaar. Die feit dat misterie en vrae altyd deel van die Bybel sal wees wanneer ons dit lees, is nie as gevolg van die feit dat die Here nalatig was toe Hy sy Woord aan ons gegee het nie.

Miskien het Gregorius van Nyssa (Nyssa was 'n dorp in Kappadosië, waar hy 'n biskop was; hy het tussen 335 – 395 geleef) iets hiervan bedoel toe hy geskryf het: "Konsepte skep afgode – net verwondering bring begrip."
Die Bybel is minder daarop ingestel om vir ons waterdigte argumente te gee as om aanbidding en verandering by ons te ontlok. Dit is waar dat sonder om iets van die historiese konteks van die Bybel te verstaan, jy waarskynlik die Bybel nie reg sal interpreteer nie. Maar terselfdertyd moet jy onthou dat enige misterie waarmee jy gelaat word, nie 'n fout aan die kant van die Bybel is nie, maar 'n uitnodiging.

Kies 'n genre

Afgesien van die aspek van die historiese konteks van die Bybel, moet ons – wanneer ons die Bybel lees – rekening hou met die feit dat die Bybel 'n versameling van boeke is wat in verskillende genres geskryf is. As die Bybel slegs bestaan het uit stellings wat iets voorstel of aanbied om te oorweeg of te aanvaar of te doen, sou 'n letterlike interpretasie die aangewese weg wees. Maar die Here gee aan ons sy waarheid deur 'n aantal genres soos poësie, liedere, briewe en verhale – wat beteken dat ons moet

leer hoe om te interpreteer afhangende van die soort genre wat ons lees.

'n Spreuk verskil byvoorbeeld van 'n belofte. "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie" (Spr 22:6) is 'n riglyn en nie 'n waarborg nie. 'n Gedig wat sê dat God "die aarde ruk, weg van sy fondamente af, en sy pilare bewe" (Job 9:6), is nie bedoel as 'n handboek oor die geologie nie. En om 'n brief te lees is soos om iemand anders se korrespondensie te lees sonder dat jy die hele heen-en-weer-korrespondensie wat dit vooraf gegaan het voor jou het – "Ek vermaan vir Euodia en en ek vermaan vir Sintige om eengesind te wees in die Here" (Fil 4:2). Onthou om jouself af te vra: "Watter genre lees ek nou?" Dit lê die fondament vir goeie interpretasie.

Lees met die geheel in gedagte

Net so belangrik soos wat dit is om te onthou dat die Bybel 'n versameling van afsonderlike boeke is, vereis goeie interpretasie ook om die Bybel as een groot boek te sien.

Aangesien die kerk van Jesus Christus glo dat die God die skrywer is van die Bybel en dat die Heilige Gees die proses van die kanonisering (die keuse om te besluit wattter boeke deel van die Bybel vorm) van die Bybel gelei het, vind ons die waarheid nie net afsonderlik in elkeen van die Bybelboeke nie, maar ook in die kanon as geheel.

Daar is per slot van rekening 'n oorkoepelende boodskap of verhaallyn wat deur die hele Bybel geweef is. Dit begin met die skepping en die sondeval en beweeg aan tot by die verlossing en die wederkoms, die vervulling van God se plan.

Die boodskap van die Bybel kry ons in die verhaal van God wat skep en red en uiteindelik sy koninkryk op aarde openbaar. Dit word gevind in die belofte van Jahweh wat deur die geskiedenis beweeg in die Persoon van Jesus Christus om alles wat stukkend is te neem en dit heel te maak. Ons interpretasie moet nooit in konflik wees met die groot verhaal van die Bybel nie. 'n Gesonde manier van Bybellees beteken dat jy jou interpretasie teen hierdie deurlopende verhaallyn moet toets. Met ander woorde, die Bybel moet die Bybel self interpreteer.

Dit gaan nie oor jou nie

Om die Bybel reg te lees is nie bloot 'n uitwendige oefening nie. Eerstens neem ons die aard van die Bybelteks in ag en interpreteer dat elke gedeelte op grond van die historiese konteks en die genre waarin dit geskryf is.

Maar tweedens moet ons ook in ag neem hoe ons is. Dit is die verskil tussen om te lees om inligting te kry en om te lees met die oog daarop om te verander.

Te dikwels verwag ons van die Bybel om iets te wees wat dit nie is nie. Ons gaan lees die Bybel vir wenke om 'n Christelike huwelik te onderhou. Ons vra die Bybel om 'n handleiding vir ouers te wees of ons vra dit om vir ons te sê hoe om die regte werk, die regte universiteit of die regte huis te kies. As ons egter die Bybel reg wil interpreteer, *moet ons die vrae vra wat dit veronderstel is om te antwoord*.

Byvoorbeeld, kom ons neem die skepping in Genesis 1. Christene het vir lank daardie gedeelte gebruik om te argumenteer oor *wanneer* en *hoe* die wêreld geskep is. Maar daardie gedeelte was nooit bedoel om antwoorde op hierdie vrae te gee nie. Die historiese en kulturele konteks van Genesis 1 dui daarop dat die skeppingsverhaal gskryf is om Israel (en nou vir ons) te help om antwoorde te vind op die vrae *wie* die wêreld geskep het en *waarom*.

Dit gaan daarom dat ons sowel die swart as die wit dele van die teks moet lees. Ons moet wat in swart gedruk is, lees, maar ook die leë wit spasies op die bladsy. Dit beteken dat ons moet ag slaan op wat *nie* in die Bybelteks geskryf is nie en die teks toelaat om stil te wees waar dit wil.

Op dieselfde manier moet ons weet dat die Bybel nie 'n Magic 8-Ball is wat ons eenvoudig kan skud en vir antwoorde vra nie. Augustinus herinner ons dat ons ons eie toestand en neigings in gedagte moet hou wanneer ons die Bybel lees.

Augustinus het die Bybel vergelyk met 'n kamer met 'n baie lae deur. So groot en wonderlik en indrukwekkend soos wat die Bybel is, moet ons gewillig wees om onsself te verneder en laag op die grond te buig as ons die wysheid van die Bybelteks wil binnegaan.

Dit beteken dat ons die Bybel toelaat om ons te verras – ons gaan nederig in sonder vooropgestelde antwoorde. In die prediking kom dit na vore in 'n prediker wat die teks toelaat om die preek te bepaal, eerder as om sy of haar vooropgestelde idees toe laat om die teks te dwing om iets te sê wat dit nie is nie (tematiese prediking val dikwels in hierdie kategorie). Net soos wat ons predikers wil hê wat die teks toelaat om te spreek, wil ons so 'n nederigheid beoefen wanneer ons die Bybel by onsself lees.

Een van die maniere om te weet of jy die Bybel oop en in nederigheid lees, is om te kyk of die Here jou siening van wie God is en wie ons is, verander. Indien die Bybel in werklikheid "lense van geloof" is soos Calvyn dit genoem het, dan moet dit ons siening van die wêreld verander. Wanneer jy 'n bril opsit, weet jy die bril doen sy werk wanneer dit wat jy sien verander. Wanneer jy die Bybel lees en dit geen impak op hoe jy die dinge rondom jou sien nie – soos gesondheid, seksualiteit, huwelik, geld, hoe jy jou tyd spandeer, sonde, genade – dan is dit 'n teken dat jou lens (die manier waarop jy die Bybel lees) nie die soort impak of gesag het wat dit behoort te hê nie.

Om met nederigheid te lees beteken nie om na die Bybel te gaan om jou eie idees oor God te laat bevestig nie, maar eerder om God te vra om ons gedagtes deur sy Woord te vorm. Oorweeg dit om die Here te vra om hierdie jaar jou siening van een ding te verander.

Lees saam met ander

Voordat gelowiges elkeen hulle eie persoonlike eksemplaar van die Bybel gehad het, is die Bybel slegs by tye in groepe gelees en gehoor. Dit bly 'n uitstekende manier om die Woord van die Here opnuut te hoor.

Ons is geneig om dinge anders te hoor wanneer ons die Bybel saam met ander lees. ’n Medegelowige kan jou opskerp vir iets wat jy in die teks gemis het.

As jy regtig seker wil maak dat jy nie net interpreteer op ’n manier waardeur jy alles wat jy reeds glo net bevestig nie, is dit nog beter om die Bybel saam met mense te lees wat nie dieselfde as jy is nie. Soek ouer of jonger mense, ryker of armer, meer stedelik of plattelands as jy. Soek mense van ’n ander etniese afkoms as jy of ’n ander politieke party as jy of ’n ander kerkgenootskap as jy en lees saam met hulle die Bybel!

Bid eers

Ons sluit af met die belangrikste ding: bid eers. Wanneer jy gaan sit om te lees – in die oggend voor jou ontbyt, om die eettafel saans met jou gesin, in die stilte van jou kantoor, met vriende oor koffie – nooi die Heilige Gees om jou te lei. Bid dat jy sal hoor wat die Here wil sê, dat die Gees gedagtes wat nie van die Here af is nie, sal uitroei en dit met die lewenskragtigheid van die lewende Woord sal vervang. Bid vir insig, vir raad, vir troos, vir waarheid, maar bid veral dat jy verander sal word.

Aminah Al-Attas Bradford is ’n deeltydse kapelaan vir die inwoners van die Calvin Collge, Grand Rapids, Michigan in die VSA.

Dr Mary S Hulst is die kollege-kapelaan vir van die Calvin College en assistent-professor van Homilitiek by die Calvin Theological Seminary, Grand Rapids, Michigan in die VSA.